

# Gereformeerde Kerk Bellville – 25 Februarie 2018 – Nagmaal

**Sing vooraf staande:** Psalm 63:1, 2 (p. 307)

- 1 My God, wat tog my lewe is, / hoe smag my hart as 'k U moet mis!  
Ek soek U, HEER, terwyl ek kwyn / in sielsverlatenheid en pyn.  
Ek smag soos alles hier om my / waar 'k swerf in wilde woesteny,  
'n dor en uitgedroogde land / waarop die son se vlamme brand.
- 2 Ek het voorheen, in stille wag, / U in u heiligdom betrag,  
waar U in glans, aanbidd'lik skoon, / en alvermoënd sit ten troon.  
Want bo ons lewe<sup>o</sup>in kommernis, / wat sonder U geen lewe is,  
skat ek u grote goedheid, HEER, / waarvoor my mond U dankend eer.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 100:1, 2, 3, 4 (p. 494)

- |  |  |
|--|--|
| <ol style="list-style-type: none"><li>1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!<br/>Dien God met blydskap, gee Hom eer;<br/>kom nader voor sy aangesig,<br/>en prys Hom met 'n lofgedig!</li><li>3 Gaan deur sy poorte in met lof,<br/>met lofsang in sy tempelhof;<br/>kom in sy huis, o bondsvolk, saam;<br/>verhef sy lof en prys sy Naam.</li></ol> | <ol style="list-style-type: none"><li>2 Die HEER is God, erken dat Hy<br/>'n eie volk vir Hom berei,<br/>'n volk om Hom te dien en vrees<br/>en skape van sy wei te wees.</li><li>4 Want goedertieren is die HEER;<br/>sy goedheid eindig nimmermeer;<br/>sy trou en waarheid hou hul krag<br/>tot in die laaste nageslag.</li></ol> |
|--|--|

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 119:39, 63 (p. 594)

- 39 HEER, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,  
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.  
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,  
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.
- 63 HEER, ek is 'n skaap verlore, /in die wildernis verdwaal.  
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal  
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteleed,  
en in al sy teënhede, / u gebooi nie vergeet.

Gebed

Psalm 23:1 (p. 107)

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,  
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:  
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.

**Skriflesing:** Psalm 23:1-6

**Kernverse:** Psalm 23:1

**Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.**  
(Psalm 23:1 AFR53)

## Tema: Ons HERE is ons Herder

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens na die alledaagse gesprekke van mense luister, wil dit voorkom of daar eintlik maar min vreugde en blydskap by mense is. Dan praat 'n mens nie van 'n oppervlakkige gelag en sinnelose grappies, wat eintlik maar van verbygaande aard is, nie. Nee, ons praat van vreugde en blydskap wat die gevolg is van 'n verhouding vol vertroue, geloofsvertroue.

Dit wil voorkom of daar nie by mense regte, egte vreugde en blydskap is nie, want die meeste mense kla. Ons kla oor die onbeholpenheid van die staatsdiens en swak dienslewering deur die munisipaliteit. Ons kla oor die ekonomie wat 'n stewige wurggreep het op baie mense. Ons kla oor die wetteloosheid en losbandigheid wat daar heers. Ons kla oor ongehoorsame kinders en ouers wat onregverdig is. Ons almal kla en kla, maar as jy iemand groet en vra hoe dit gaan, dan sê mense dit gaan goed. Is ons regtig eerlik, as ons sê dit gaan goed en tog kla om maar net iets te hê om oor te gesels, of ontbreek daar by ons geloofsvertroue sodat ons nie vol vreugde en blydskap kan lewe nie?

Die Heilige Gees lei ons vanoggend met hierdie baie bekende en geliefde psalm om weer die geloofsvertroue in ons harte aan te wakker. Ons tree in gesprek met Dawid, die digter van hierdie psalm, en deur middel van hierdie gesprek gaan die Heilige Gees ons weer verseker wie die Here is, wat Hy doen en waar jy en ek teenoor die Here staan.

Ons ontmoet Dawid en hy sing uit volle bors: **Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.** Hierdie geloofsvertroue wat Dawid so onvoorwaardelik uitspreek, trek ons aandag. Hoe kan 'n mens in hierdie lewe sommer sê dat niks hom sal ontbreek nie? Hy weet mos nie wat in die toekoms gaan gebeur nie; hy weet nie of daar droogte en hongersnood sal kom nie; hy weet nie eers of hy môre gesond sal wees of lewe nie. Hoe kan hy dan sê dat hy aan niks 'n tekort sal hê nie?

Broers, susters en kinders, die Heilige Gees wys vir ons: Wag eers met al julle baie vrae en luister mooi. Kyk en luister eers hoe Dawid die Here noem. Hy praat van die *HERE* – met hoofletters. Dit is die *HERE* wat 'n verbond gesluit het met mense. 'n Verbond is nie sommer maar net 'n ooreenkoms of 'n kontrak nie. 'n Verbond is 'n verhouding, 'n verhouding wat nie deur mense met die Here begin is nie, maar wat die Here met mense begin het. En in hierdie verhouding wat die Here met mense begin het, het Hy gesê dat Hy mense liefhet. Hy het hulle so lief dat Hy alles op die spel plaas om hierdie verhouding te laat werk, nie net van sy kant nie, maar ook van die mense se kant. Ja, die Here plaas Homself op die spel om aan mense die versekering te gee dat Hy van sy kant nooit, nooit die verhouding wat Hy met hulle begin het, sal verbreek nie.

Dadelik wil ons weer vrae vra: Hoe kan ons seker wees dat die Here Homself op die spel geplaas het om sy verhouding met ons mense te behou? Wag maar net, Dawid sal ons dit nog vertel, sê ons Trooster, die Heilige Gees. Kom ons luister eers hoekom Dawid sê dat niks hom sal ontbreek nie.

Dawid sê: Ek is soos 'n skaap van die *HERE* en Hy is my herder. Elke liewe dag laat Hy my neerlê in groen weivelde en na waters waar daar rus is, daarheen lei Hy my. Die Here weet presies watter goeie dinge ek as sy skaap nodig het om te groei en hom ryk te maak. Die goeie herder sorg dat sy skape genoeg van die beste weivelde kry. By waters waar daar geen gevaar is nie, waar daar nie onheil skuil nie, daarheen bring die goeie herder sy skape sodat hulle kan rus en hulle kragte weer opgebou kan word.

Kyk nou, sê die Heilige Gees vir my en jou, kyk na jouself, mensekind. Julle almal is skape in die kudde van die Here. Hy is ook julle herder. Met elkeen van ons het hierdie goeie

Herder ook sy verbondsverhouding aangeknoop. Die dag toe ek en jy gedoop is, het die Vader vir ons gesê: Ek neem jou aan as my kind en erfgenaam. Toe ons gedoop is, het die Here jou en my naam op sy lippe geneem. Hy het ons op die naam geroep en vir almal gesê: Kyk, hierdie een is my kind, daarom wil Ek vir hom en vir haar met alle goeie dinge versorg en die kwaad wil Ek afweer van my kind af, want my kind moenie seerkry nie. Maar as Ek die kwaad nie van my kind afweer nie, is dit nie omdat Ek nie meer my kind liefhet nie, maar omdat Ek my kind persoonlik wil leer. Daarom wil Ek die kwaad ook tot die beswil van my kind beskik.

Toe ons nog maar klein babatjies was, het die Here ons al as sy eiendom gemerk met die doop. Hy is ons goeie Herder. Hy het ons saamgetrek as sy huisgesin. In hierdie huisgesin versorg Hy ons met ouers wat ons liefhet. Deur hulle gee Hy vir ons kos en klere. Hy stel ons ouers in staat sodat ons onderrig by die skool kan kry, want ons moet die gawes en talente wat Hy vir ons gegee het, ontwikkel en oefen om weer op ons beurt Hom daarmee te dien. Broer en suster, die krag en gesondheid wat ek en jy het om elke dag ons werk te kan doen, kry ons elke môre uit die hand van ons goeie Herder. Hy gee vir elkeen van ons kos, soveel as wat Hy besluit het en weet ons nou nodig het. Hy verkwik ons elke nag met rus sodat ons nuwe krag het vir die volgende dag se werk.

Elkeen van ons kan eerlik sê dat ons aan kos en klere, en alles anders wat ons nodig het om te lewe, nie gebrek het nie. Ja, dit is so dat ons nie altyd of elke dag 'n groot oorvloed het nie. Maar die Here sorg dat daar genoeg is en wanneer sy seën rus op wat Hy vir ons gee, het ons genoeg vir vandag. Soos 'n skaap nie eers wonder waar hy môre gaan kos en water kry nie, hoef ons ook nie te wonder nie. Die Here is ons herder en omdat Hy ernstig daarvoor is dat ons Hom sal dien, sal Hy ook môre se kos voorsien op die manier wat Hy gekies het.

Die Heilige Gees bring ons terug na Dawid se woorde toe. Hy sê ook: Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil. Dawid vergeet nie sy eie sondigheid nie. Hy weet hy is tipies mens wat geneig is om op paaie te loop waar hy homself in gevaar stel. Maar ook hier is die herder goed vir sy skaap. Hy keer sy skaap terug na Hom toe, want Hy is 'n goeie herder wat nie maar net kan toesien hoe sy skaap van Hom af wegloop en niks daaraan doen nie.

Kinders, so maak die Here, julle herder, ook met julle. Wanneer jy dinge begin doen wat verkeerd is of sommer net stoute dinge aanvang, raas Pa en Ma met jou en soms, wanneer ons hardnekkig aanhou met ons stoutigheid, kry ons pak. Weet dan dat Pa en Ma dit doen omdat hulle jou liefhet, maar hulle doen dit nie uit hulle eie uit nie. Hulle doen dit omdat die Heilige Gees hulle lei om jou te keer dat jy nie van die Here af wegloop nie. Die Here wat jou op jou naam geroep het toe jy gedoop is en vir jou gesê het dat Hy jou Vader is, sal ter wille van sy goeie Naam jou nie maar los nie. Watter pa los sommer sy kind dat hy sy eie lewe verwoes? Dit is net 'n pa wat niks omgee vir sy kinders nie. Maar oor jou lewe is die Here besorg, daarom leer Hy ons van kleins af om van die verkeerde dinge af weg te bly.

Ook ons grootmense word so deur die Here opgepas. Wanneer ons al hoe meer toegee aan ons sondige geaardheid en dinge doen wat teen God se wet is, los die Here ons nie maar net nie. Hy is mos 'n goeie Herder en Hy gaan nie toelaat dat sy kind sommer net so van Hom af wegloop om die vyand van die Here, die duiwel, te gehoorsaam nie. Daarom gebruik die Here ander mense, kinders en grootmense, om vir grootmense te sê dat hulle op die verkeerde pad loop. So roep die Here sy kinders terug van hulle sondige lewe af na Hom toe, want as 'n kind van die Here besig raak met sonde en al verder weg van die Here af lewe, kry die duiwel lekker, want so 'n kind wat aanhou met sy sondige lewe is

besig om die Here se Naam sleg te maak. Daarom, ter wille van sy goeie Naam, keer die Here sy skape terug van hulle verkeerde lewe af.

Goed, sal ons sê, maar Dawid praat nog net van die aangename dinge van die lewe, want ons is nog skepties omdat die geloofsvertroue by ons nog nie so groot is soos by Dawid nie. Die Here is inderdaad ons herder en Hy versorg ons sodat ons in tye wanneer dit goed gaan, kan sê ons sal niks kortkom nie. Maar wat nou van daardie tye in 'n mens se lewe wanneer dit donker word en jy regtig doodsgeware in die oog begin staar, soos wanneer jy siek word of jou werk verloor of wanneer iemand naby aan jou sterf. Is die Here dan nog steeds die goeie Herder?

Dit is op hierdie punt wat die Heilige Gees ons weer teruglei na wat ons vroeër gehoor het. Die Here plaas Homself op die spel sodat ons verhouding met Hom ewig kan bly bestaan. Met Dawid se woorde lei die Heilige Gees ons. Dawid sê:

**Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.** (Psalm 23:4 AFR53)

'n Herder in die dae van Dawid het nie agter sy skape aangeloop en wanneer hulle by 'n gevaarlike plek gekom het eers die skape ingejaag met die hoop dat hulle niks sal oorkom nie. Nee, 'n herder het in daardie dae voor sy skape geloop. En wanneer hy met sy skape by donker dieptes gekom het, het hyself eers ingegaan en sy skape kon hom volg, want hulle het sy stok en sy staf gesien waarmee hy elke onheil van hulle af sal weghou.

Wanneer ek en jy in tye kom wanneer ons regtig bang word, is dit die stok en die staf van ons goeie Herder, die Gees en die Woord van Jesus Christus, wat ons vertroos. Die Heilige Gees verseker ons met die Woord dat ons in hierdie donker tye in ons lewe nie alleen is nie. Jesus is God en Hy is alomteenwoordig. Hy is by ons. Maar nog meer, ons goeie Herder loop nie net langs ons in hierdie donker dieptes in nie. Hy loop voor ons uit en Hy oorweldig die vyande voordat ons in die donker ingaan.

Jesus Christus het sy lewe afgelê toe Hy in daardie donkerte aan die kruis ons grootste vyand 'n nekslag toegedien het. In die drie ure duisternis aan die kruis op Golgota het Jesus die duiwel, die slang van ouds, se kop vermorsel. En Christus het oorwin, want na drie dae het Hy uit die dood opgestaan, lewendig met die merke van die stryd vir ons lewe aan sy liggaam. Die Here het Homself inderdaad op die spel geplaas deur vir my en jou sondes aan die kruis te betaal en ons vyande, die duiwel en die dood, te oorwin.

Wanneer ons nou by donker dieptes in ons lewens kom weens siekte, dood of werkloosheid en armoede, hoef ons nie bang te wees nie. Die vyande is oorwin en ons goeie Herder loop voor ons. Solank as wat ons sy Gees en Woord het, is ons veilig by Hom. En deur sy Gees en Woord gee ons Here Jesus ons die krag om ons sondige geaardheid nog verder dood te maak en teen die duiwel te stry, wat daarop staatmaak dat ons sal bang word en eerder weier om agter ons goeie Herder aan die donker dieptes in te loop. Waar Jesus ons heen lei, was Hy alreeds, daarom kan ons met volle vertroue op Hom agter Hom aan ook in donker dieptes inloop en weet dat ons veilig en behoue sal bly.

Geliefdes, met die laaste twee verse bring die Heilige Gees ons daartoe om saam met Dawid te kan sien dat ons meer as skape van die Here is. Ons is gaste aan sy tafel. Hy laat ons veilig in sy tent inkom en Hy laat ons 'n feesmaal tyd geniet terwyl ons teëstanders verleë moet toekyk. Ons kan nou al in volle vertroue op die Here rustig lewe en ons werk doen, want die Here beskerm ons. Niks en niemand sal ons ooit van sy liefde kan skei nie. En ons vyande, die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur – hulle almal wat gedink het hulle sal ons kan loswikkell uit die hand van ons goeie Herder om saam met hulle verlore te gaan, staan verslae en verleë. Hulle vra hulleself af hoe het hierdie een en daardie een dit

reggekry om soos 'n eregas behandel te word deur die Here, die almagtige God. Dan kan jy en ek uit volle bors sing: Die HERE is ons herder, niks sal ons ontbreek nie. Ons het nie self in die huis van die Here ingestap en aan sy tafel kom sit nie. Hy het ons hier ingelei en sy Seun het vir ons die plek aan sy tafel betaal met sy kosbare bloed. En deur ons hele lewe, toe ons by tye toegee het aan die verleidings van die wêreld en die duiwel en ons eie sondige begeertes, was dit die Heilige Gees wat ons teruglei het op die regte paaie. Dit is net deur die genade van ons goeie Herder dat ons as gaste van die Here aan sy tafel mag gaan aansit.

Maar ons is ook nog meer as gaste. 'n Gas is net vir 'n tyd lank aan die tafel van sy gasheer. Omdat die Here Homself ons Vader genoem het toe Hy ons die dag van ons doop op die naam geroep het en omdat sy Seun ons sondeskuld ten volle betaal het, mag ons tot in lengte van dae, ja, tot in alle ewigheid kinders in die huis van die Here bly.

Geliefdes, ons het aan die begin skepties gevra: Hoe kan Dawid sê niks sal hom ontbreek as hy nie eers weet wat die dag van môre inhou nie. Dawid kon dit sê, nie omdat hy iewers in 'n donker kamer in sy paleis 'n kristalbal gehad het nie. Hy kon dit sê, want hy het geweet dat die Here sy herder is en sy herder sal sorg dat sy skaaplam niks kortkom nie. Hierdie geliefde psalm het vir ons behoue gebly, want die Here wil hê dat ons ook vandag onder alle omstandighede die kalme geloofsvertroue sal hê dat ons goeie Herder ons ook tot aan die eintlike tafel van die Here sal lei. Met so 'n geloofsvertroue sal ons elkeen uit volle bors en onvoorwaardelik kan sing: **Die HERE is my herder, niks sal my ontbreek nie.**

**Amen!**

Gebed

Psalm 23:2 (p. 107)

- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsgeware, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan, en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan – dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.

Formulier vir die viering van die heilige nagmaal

Psalm 23:3 (p. 107)

- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn, 'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreugde, my vyande 'n pyn; dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Aan tafel: Skrifberyming 5-4

Met die terugbeweeg: Skrifberyming 5-3

Slotpsalm 43:3, 4, 5 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!  
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,  
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.
- 4 Dan gaan ek in na Gods altare, / tot God, my God, my vreugde<sup>en</sup> lied;  
dan speel ek met die harpenare, / dan ruis vir U my blye snare –  
vir U wat my, ná kort verdriet, / 'n ewige vreugde bied.

- 5 My siel, wat treur jy nog verslae / en is onrustig in jou lot?  
Berus slegs in Gods welbehae; / strek uit jou hoop na beter dae.  
Verrys, herleef op sy gebod – / my redder is my God!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
25 Februarie 2018